

## Vrydag 23 Augustus

**Skrifgedeelte: Jeremia 31:15-22**

**Fokusgedeelte: Jeremia 31:20**

### **God is lief vir wegloopkinders, soos ekself**

Ons Skrifgedeelte bevat een van die mees roerende uitdrukkings van die ewige Goddelike liefde. Ragel, die moeder van die nasie, treur oor haar verlore kinders (vs 15); dan verskyn haar kinders onverwags, bekerend en diep geraak deur hulle optrede (vs 18-19). Hulle keer terug na die huis nadat hulle eens die liefde daar verwerp het. In vers 20 verskyn die HERE as Israel se God, wat sy gedagtes as Vader uitdruk oor 'n rebelse kind. Daarna word Israel as 'n jong vrou aangespreek wat haar ouerhuis se liefde verwerp het, maar nou skaam terugkeer (vs 21-22).

Deur hierdie beeld van 'n gebroke huis met die vertrek van kinders en die vreugde van hulle terugkeer, bring die profeet die intensiteit en natuur van God se liefde vir sy mense na vore. As mense op so 'n manier reageer wanneer verlore kinders terugkeer huis toe, hoeveel te meer is dit nie waar van God wat hierdie mense geskep het om so lief te kan hê nie? As God sy rebelse kinders so bymekaarbring, kan ons seker wees dat die hoop daarvan gegrond is in die ware natuur van God se liefde.

Die sondige natuur in ons neig om teen God te rebelleer en weg te loop. Hierdie sondige mens in ons is saam met Christus gekruisig en ons rebelsheid vergewe ter wille van sy verdienste. Die Heilige Gees bedien die liefde van God in ons harte en trek ons weer nader aan God waar ons in liefde ontvang en verwelkom word. Die liefde van 'n Vader vir sy kinders.

*Sing: Skrifberyming 19-1:1, 6, 7*

*Teologiese Student OA Oosthuizen (Orrie)*